kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Transformasie versus Omskepping

Skriflesing: Markus 9:2-9

Broodjies vir die pad

"It has seemed to me sometimes as though the Lord breathes on this poor gray ember of Creation and it turns to radiance - for a moment or a year or the span of a life. And then it sinks back into itself again, and to look at it no one would know it had anything to do with fire, or light .... Wherever you turn your eyes the world can shine like transfiguration. You don't have to bring a thing to it except a little willingness to see. Only, who could have the courage to see it? .... Theologians talk about a prevenient grace that precedes grace itself and allows us to accept it. I think there must also be a prevenient courage that allows us to be brave - that is, to acknowledge that there is more beauty than our eyes can bear, that precious things have been put into our hands and to do nothing to honor them is to do great harm."
— Marilynne Robinson, Gilead

"I began to understand that suffering and disappointments and melancholy are there not to vex us or cheapen us or deprive us of our dignity but to mature and transfigure us."
— Hermann Hesse, Peter Camenzind

Hermann Hesse was a German-Swiss poet, novelist, and painter. In 1946, he received the Nobel Prize in Literature. His best known works include Steppenwolf, Siddhartha, and The Glass Bead Game (also known as Magister Ludi) which explore an individual's search for spirituality outside society.

In his time, Hesse was a popular and influential author in the German-speaking world; worldwide fame only came later. Hesse's first great novel, "Peter Camenzind", was received enthusiastically by young Germans desiring a different and more "natural" way of life at the time of great economic and technological progress in the country.

Throughout Germany, many schools are named after him. In 1964, the Calwer Hermann-Hesse-Preis was founded, which is awarded every two years, alternately to a German-language literary journal or to the translator of Hesse's work to a foreign language. There is also a Hermann Hesse prize associated with the city of Karlsruhe,Germany.

"Let the youthful soul look back on life with the question: what have you truly loved up to now, what has elevated your soul, what has mastered it and at the same time delighted it? Place these venerated objects before you in a row, and perhaps they will yield for you, through their nature and their sequence, a law, the fundamental law of your true self. Compare these objects, see how one complements, expands, surpasses, transfigures another, how they form a stepladder upon which you have climbed up to yourself as you are now; for your true nature lies, not hidden deep within you, but immeasurably high above you, or at least above that which you normally take to be yourself."
— Friedrich Nietzsche

Presteerders se drif om te weet en te verstaan

Wilhelm Jordaan

Vra mense uit oor watter dinge 'n belangrike rol in hul lewensprestasies speel en jy kry vanselfsprekend 'n bont versameling antwoorde.

Dit is verrassend dat "slim" akademiese intelligensie nie juis hoog aangeslaan word nie, terwyl nuuskierigheid prominent is.

Toe Nasa, die Amerikaanse ruimtevaartagentskap, 'n naam gesoek het vir hul verkenningsprojek na Mars, is 'n prys vir die beste opstel oor 'n gepaste naam uitgeloof. Uit die duisende opstelle is die 12-jarige Clara Ma s'n gekies.

Sy het die naam Curiosity voorgestel en geskryf: "Curiosity is an everlasting flame that burns in everyone's mind. It makes me get out of bed in the morning and wonder what sur-prises life will throw at me that day.

"Curiosity is the passion that drives us through our everyday lives. We have become explorers and scientists with our need to ask questions and to wonder."

Wat opval, is hoe dikwels bekende denkers en wetenskaplikes juis hulde bring aan mense wat op een of ander manier hul nuuskierigheid raakgesien, geprikkel en aangemoedig het. Dit sluit in ouers, onderwysers, leermeesters, dosente, vriende en kollegas. En, natuurlik, boeke!

In sy Meditasies werk die filosoof Marcus Aurelius (121-180 n.C) met erkentlikheid, egtheid, humor, begrip, deernis en agting deur 'n lys van 17 mense (byvoorbeeld sy oupa, oupagrootjie, ma, pa, aangenome pa, leermeesters en die gode!) wat hom gevorm en sy nuuskierigheid geprikkel het.

Die dierkundige en skrywer Richard Dawkins se aansporing was Hugh Lofting se The Adventures of Doctor Dolittle. As kind het hy dit oor en oor gelees en was bekoor deur die natuurkundige Dolittle se rustelose nuuskierigheid.

Die evolusionêre bioloog en skrywer Stephen Jay Gould bedank sy pa omdat hy hom vroeg al na 'n museum geneem het om te wys hoe lyk 'n tirannosourus-fossiel. Hy was betower, en dit was betowering sonder ophou.

En Jakob (Japie) van Zyl, een van die hoofspelers in Nasa se Curiosity-sending en oudstudent van Maties, vertel hoe hy as kind in Kaokoland, Namibië op sy rug gelê en saam met sy pa na die sterre gekyk het.

Toe sy pa verduidelik wat 'n satelliet is, het die jong Japie gesê hy wil eendag gaan werk by die plek waar "hulle" vandaan kom.

En dis presies wat hy nou doen by Nasa se straalaandrywingslaboratorium waar hy in beheer is van strategie en projekformulering.

Die bioloog Lynn Margulis praat van die boekwurm wat vroeg al in haar gewoel het, aangemoedig deur haar pa wat 'n nuuskierige vrygees was.

Sy het later getrou met Carl Sagan, die sterrekundige, wie se geesdrif haar aangesteek het.

Sulke presteerders se nuuskierigheid is 'n lewensdrif wat gedra word deur die onstuitbare begeerte om te weet en te verstaan.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/presteerders-se-drif-om-te-weet-en-te-verstaan-20180206

"Reshaping life! People who can say that have never understood a thing about life—they have never felt its breath, its heartbeat—however much they have seen or done. They look on it as a lump of raw material that needs to be processed by them, to be ennobled by their touch. But life is never a material, a substance to be molded. If you want to know, life is the principle of self-renewal, it is constantly renewing and remaking and changing and transfiguring itself, it is infinitely beyond your or my obtuse theories about it."
— Boris Pasternak, Doctor Zhivago

Brood vir die pad

Laat ons eerder verantwoordelik bid vir reënval

Braam Hanekom

Teen dié tyd is dit duidelik dat Kaapstad 'n krisis in die gesig staar. Almal lewer kommentaar, kritiseer en gaar op. Dít terwyl die angstigheid onder inwoners groei.

Intussen het 'n klompie kerke hande gevat en gevra dat ons op As-Woensdag (14 Februarie) 'n dag van verootmoediging uitroep.

Die klokke sal van twaalfuur af lui en gemeentes sal na goeddunke vir gebedsbyeenkomste bymekaarkom. Ek ondersteun die inisiatief ten volle. Ons kan, mag en moet bid.

Tog moet hier 'n versigtige woord van vermaning gerig word.

Jakobus 4 sê dat ons nie het nie omdat ons nie bid nie en as ons bid, ons "verkeerd" bid. Die verantwoordelike uitleg van die teks vra veel meer as wat hierdie rubriek se ruimte toelaat, maar kom ons maak dit so prakties moontlik. Mense wat bloot vir reën alleen bid, verstaan nie die omvang van die probleem nie.

Ons word gekonfronteer met laer as gewone reënval oor 'n tydperk van drie jaar, maar voeg hierby die meer as verdubbeling van die bevolking in die Kaap in die afgelope twee dekades, die gebrek aan beplanning en bestuur, onvanpaste verbruikerspatrone, die gebrek aan hergebruik van water, die wegvloei van storm- en fonteinwater, klimaatsverandering en die verandering in die mikroklimaat as gevolg van menslike faktore, en jy besef die probleem is veel groter.

Vir die liewe Heer om die krisis met blote reënwater op te los, sal vra dat Kaapstad min of meer in 'n subtropiese streek verander moet word. Ek glo nie dit is 'n "regte" of verantwoordelike gebed nie.

Veel eerder sal daar gebid moet word vir beter beplanning en bestuur. Nie net op owerheidsvlak nie, maar ook by onsself. Ons sal moet bid vir kreatiwiteit en innovasie, die afsterf van ego's wat gemaak het dat mense nie wou luister nie. Ons sal moet bid dat politici veel moediger besluite neem en, les bes, sal ons onsself moet verootmoedig.

Regdeur die Bybel word klimaat en natuur met ons geestelike reis met God verbind. Die kollega wat gesê het die "droogte" is dalk 'n gawe uit die hand van God, is dalk reg.

Intussen moet 'n ander mite nek omgedraai word. Natuurlik kan ons nie meer lowergroen uitheemse tuine in stand hou nie, maar die ontbossing en ontgroening van die streek moet stop. Veel eerder sal ons juis nou duisende droogtebestande bome moet aanplant.

Ek eer elkeen wat tog met afvalwater 'n paar plantjies aan die lewe hou. Dis juis onder meer die mens se disrespek vir die natuur wat ons gebring het waar ons is.

Ek bid en glo dat die Here vir ons en sy Skepping nie sal los nie. Ons gaan deur die drif kom, maar laat ons ons op die regte manier verootmoedig.

** Dr. Hanekom is direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/laat-ons-eerder-verantwoordelik-bid-vir-reenval-20180206

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877